Hoofstuk 107

Met die Naam van Allah, die Alomgenadige, die Genadigste.

Liefde vir hierdie wêreld maak dat mense hulle geloof verloor en dat Allah net eenvoudig vergete raak

1. Die heidene en diegene wat voorgee wat hulle nie regtig is nie, leef asof daar nie 'n Dag van Vergelding gaan wees nie. Het jy hulle al gesien?

2. Dit is hulle wat die weeskinders verstoot...

3. ...en nie die behoeftiges versorg nie en selfs nie ander aanmoedig om die behoeftiges te versorg nie.

4. Groot ongeluk en geweldige nood sal daardie Aanbidders tref,

5. wie nalatig is met hul Aanbidding deur dit nie gereeld en op die korrekte tye uit te voer nie omdat hulle nie regtig glo dat dit verpligtend is nie en Aanbidding nie eintlik deel uitmaak van hulle lewens nie,

6. wie goed doen net sodat ander mense kan sien dat hulle opregte Moslems is,

7. en wie versuim en verseg om selfs die kleinste verpligte liefdegawe vir die behoeftiges te gee.

Hoofstuk 108

Met die Naam van Allah, die Alomgenadige, die Genadigste.

1. Profeet Mohammed, jy het nou nie meer 'n seun wat jou naam kan laat voortleef nie, maar moenie dat die harde woorde en aanmerkings van die ongelowiges van Mekka daaroor jou onderkry nie: Ons het vir jou 'n oorvloed van die goeie in die Paradys gegee, soos die oorvloed wat jy met die baie water van 'n rivier kan produseer en 'n onuitputlike bron om van te drink wat uit die fontein van Kauthar gevoed word en waarmee jy jou dors sal kan les op die Dag van Samekoms.

2. So, maak dan nou die opoffering en wys jou dankbaarheid en verering vir al die wonderlike seëninge, deur jou Skepper, Voorsiener en Onderhouer vyf keer op 'n dag te aanbid met die hoogste vorm van fisiese aanbidding, en offer 'n kameel waarmee die armes gevoed kan word, 'n simbool van jou self opoffering. (K22:37 & K6:162)

3. Dit is eerder diegene wat sulke harde woorde en aanmerkings maak wie se nageslag en name nie sal voortleef nie, want jou naam, alhoewel jy nie seuns het nie, sal voortleef in jou kinders en jou volgelinge.